BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 10

Kort saamgevat het ons sedert Pinkster die volgende sake rondom groei in die Heilige Gees aangeraak:

- In Johannes 20 ontvang die dissipels die Heilige Gees. Wat ons hier het is die instelling van die aposteldiens. Met Pinkster ontvang hulle die krag om as apostels op te tree.
- Die eerste daad wat die uitstorting van die Heilige Gees tot gevolg gehad het, was Woordverkondiging.
- Die Heilige Gees is die groot Sendeling.
- Die doop met die Heilige Gees is nie 'n tweede ervaring wat mense wat tot geloof gekom het nog weer moet beleef nie. Om met die Gees gedoop te wees is niks anders as om wedergebore te wees.
- Na Pinkster, met die uitbreiding van die evangelie, het God aan Israel getoon dat die evangelie van Jesus Christus oor hulle grense spoel [vgl. Hand.1:8]. Bekering-doop en doop met die Heilige Gees as een handeling, staan op die voorgrond [les 9].
- Kan ons seker wees dat die Heilige Gees in ons werk? Ja – wanneer ons in Jesus Christus glo [1 Johannes 5:13].

Die Heilige Gees skep die nuwe lewe in 'n mens. Hy werk stilweg maar aanhoudend in 'n mens se lewe. Daarmee saam word verskillende beelde gebruik om sy werk in ons lewe te verduidelik. In les 10 kyk ons hierna:

1. LEES Romeine7:6; 8:15; 1Korintiërs 6:11; Galasiërs 3:3; Efesiërs 2:18; 1Petrus 1:2, 3, 22, 23.
   Die vernuwingswerk van die Heilige Gees word deur verskillende woorde en uitdrukkings beskryf. Watter woorde [uitdrukkings] vind u in bogenoemde Skrifgedeeltes?

2. LEES Efesiërs 2:4-10 en 1 Petrus 1:15-16.
   Is die herskepping [vernuwing] van die mens volledig God se werk [dus genade alleen] – of moet ons ook iets doen?

3. LEES 1Korintiërs 6:19-20.

Paulus gebruik 'n paar beelde om die Heilige Gees se werk met ons te verduidelik. Wat leer hierdie verse ons oor ons liggaam en die Heilige Gees?

4. LEES Efesiërs 1:13-14 en 2 Korintiërs 1:21-22.
Wat beteken die beelde wat Paulus hier oor die Gees gebruik? Die woordjie waarborg beteken dat die Heilige Gees God se deposito vir ons is.

5. LEES Romeine 8:23.
Watter beeld gebruik Paulus hier oor die Heilige Gees? Waarom sou hierdie beeld skokkend wees vir die Jode van Paulus se tyd? Let op die gedagte dat ons die Gees as *eerste gawe* van God ontvang het. In die Ou Testament was dit die volk se verantwoordelikheid om die eerste gawe van hulle inkomste en oeste vir die Here te gee.

B. ANTWOORDE.

1. Vrygemaak van die wet; maak julle tot kinders van God; julle sondes laat afwas; julle is geheilig; julle het met die Gees begin; vrye toegang tot die Vader; deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees; nuwe lewe geskenk; in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het; julle is immers weergebore.

2. Die vernuwingswerk is genade alleen. Die begin daarvan, die wedergeboorte in enger sin, is volledig die werk van God die Heilige Gees en nie die mens se eie prestasie nie. So is ook die hele redding van die mens genade. Hierdie genadekarakter van ons redding word sterk in Efesiërs 4:4-10 beskryf. Hier word ons herskepping geheel en al aan God toegeskryf.
   Maar daarmee saam moet ons nie dink dat die mens maar werkloos bly nadat hy die genade ontvang het nie. Nee! Die voortgaande vernuwing [heiligmaking] is iets wat hy met al sy kragte moet soek. Daarom is daar ook sulke kragtige oproepe in die Bybel dat ons ons eie heiligmaking moet najaag. Die heiligmaking is ook 'n voortgaande proses en daarin is die Heilige Gees en die mens betrokke.
3. Paulus sê dat ons gekooptes is. Ons behoort nie langer aan onself nie. Jesus Christus het ons met sy eie bloed gekoop. Daarom het Hy volledig beheer oor ons lewe en kan ons nie maak wat ons wil nie. Omdat ons aan Hom behoort – gee Hy ons oor in die hande van die Heilige Gees. Hy maak ons van kop tot tone nuut. Hy verander ons in tempels van die lewende God. Daarom kan Paulus in 2 Korintiërs 5:17 sê dat iemand wat in Christus is, 'n totale nuwe mens is. Elke Christen staan onder lewenslange bestuur van die Heilige Gees.
4. Paulus verduidelik dat die Heilige Gees die waarborg of deposito van God se kant af is en dat ons alles van Hom sal ontvang wat Hy in die Woord aan ons belowe het. Die woord wat Paulus in die oorspronklike taal vir waarborg gebruik – dui op 'n kooptransaksie waar die eerste bedrag reeds betaal is en die res van die geld later sal volg. Ons is God se eiendom. God het so duur vir ons betaal, dat Hy baie goed vir ons sorg. Trouens, ons is so kosbaar vir die Here dat Hy die Heilige Gees as deposito in ons lewe gegee het. Die Heilige Gees is ons versekering dat die res van God se erfporsie by die wederkoms vir ons wag. Die Heilige Gees sal sorg dat ons die wenstreep haal.
5. In die Ou Testament het die Israeliete die eerste deel van hulle oes aan die Here gegee. In Romeine 8 sê Paulus dat dit ten volle omgekeer het. Nou is dit nie meer ons wat offers aan God bring nie. Nee! Hy bring nou 'n offer aan ons. Hierdie offer is niemand minder nie as sy Heilige Gees. God gee so baie vir ons om, dat Hy sy Gees aan ons gegee het as die eerste vrugte van die hemelse oes. Wanneer die hele oes by die wederkoms ingebring word, sal ons oorspoel word met God se genade. Hy waarborg dit.

****